## WEES TOT SEëN VIR ARMES EN EENSAMES

Stephan Joubert skryf:

**Bevordering beteken vir die meeste mense slegs een ding — MEER!**

MEER salaris,

MEER tasbare byvoordele,

MEER huise,

MEER karre,

MEER vakansies,

MEER status...

**Vir navolgers van Christus behoort die woord "bevordering" iets totaal anders as dit te beteken.** Dit mag nie net gelyk wees aan nog meer meetbare dinge nie.

Bevordering is om elke geleentheid aan te gryp wat die Here jou bied om nog meer van jou kosbare tyd en energie in sy diens te stel.

**Die regte soort bevordering is om die bouplanne vir jou eie aardse koninkrykie in die asblik te gooi en in te ruil vir die voorreg om daagliks 'n lewende seën vir ander mense te wees.**

Egte bevordering is om voltyds deel te wees van die avontuur om God se koninkryk te help bou. Dit lewer diwidende op wat ewige waarde het.

**Sodanige bevordering gebeur wanneer jy MEER tyd aan die Here se voete deurbring; wanneer jy MEER tyd het vir armes en eensames;**

wanneer jy MEER doen vir ander en MINDER oor jouself en jou eie behoeftes besorgd is.

Kortom, bevordering lei tot 'n meer egte verhouding met die Here en meer duursame verhoudings met ander mense.

***Broer, Suster: Mag ons elkeen hierdie soort bevordering in ons lewe najaag!***

***Groete***

***1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig***

***Leon Tait***



Maandblad NG Rietfontein-Suid

Die Rietfluit

**Christus alles in elkeen!**

NOVEMBER 2013

## TĖ MOEG...?



Die woord wat waarskynlik die meeste gehoor word – hardop of tussen die lyne - in gesprekke is “ek is moeg”. Mense leef al sugtende. Op hul skouers rus hierdie kroniese swaar las van moegheid soos die wêreld op Atlas se skouers. Ai en wanneer Jesus dit hoor kry Hy verseker moeë mense innig jammer. Jesus het immers self geweet wat dit beteken om moeg te word. Ek daarenteen voel – met al my jammerte vir hulle – tog so magteloos wanneer ek omring word deur moeë mense, want ek ervaar soms self maar hierdie lewensmoegheid. As ek net een of ander kits resep gehad het om dit vinnig te kon laat ophou en almal kon help ontsnap na ‘n moegvrye-wêreld. Eendag sal ons dit wel ervaar wanneer ons by die Heer tuis kom in die nuwe wêreld (nuwe hemel en aarde)!

Tog weet ek dat daar genoeg in die Woord en praktyk al geleer is om ‘n aantal dinge te deel wat mag help met hierdie kroniese moegheid wat ons hier en nou beleef:

1. Ons hoef nie altyd op ons beste te wees nie. Niemand is altyd “on top of the world” nie. Om die waarheid te sê is dit juis wanneer ons swak voel dat die krag van God deur ons kragtig kan werk (lees 2 Kor 12:9).
2. Bedank as die algemene bestuurder van die wêreld. Ek dink meeste mense is oormoeg vanweë die drang om alles te wil beheer. Niemand van ons kan nie. Net God kan. Laat dit gerus aan Hom oor, ontspan en doen wat jou hand vind om te doen. Lees Ps 46:11; 37:3,5.
3. Vind jou vreugde en vrede net in die Here. Is dit nie omdat ons moontlik sin aan die lewe probeer gee op allerhande maniere en allerlei vreugdes- kunsmatig- probeer skep, dat ons so oormoeg is nie? Lees Ps 37:4; 62:2.
4. Ken jou eie perke. Ons kan nie vir almal en alles ja sê nie. Ons kan nie oral wees waar ons graag wil wees nie. Ons moet keuses maak! Net God is Almagtig en net God kan alomteenwoordig wees.
5. Om voortdurend jou innerlike krag by God te vind sal jou verkwik. Hy belowe immers: wie op die Here wag kry nuwe krag! (Jes 40:29,30). Fokus meer op God en geniet Sy teenwoordigheid soos jy dit die beste ervaar bv. deur gebed, deur Bybelstudie, deur stilte met God in die natuur, deur vir die Heer tot diens te wees of deur ander mense te help. Bly by God se kragstroom ingeskakel.

6. Verruil jou sorge (bekommernisse) gereeld vir vrede deur met God daaroor te praat (Fil 4:6,7).

7. Kies 'n gesonde leefstyl bv. deur reg te eet, gereeld te oefen, genoeg te rus en meer dit te doen wat jy geniet. Dit is wanneer jy die dinge doen wat jou energie géé dat jou lewenstenk ook voller sal word. O ja! as jy nie jou werk geniet nie oorweeg dit sterk om 'n ander werk te begin doen of leer om jou werk meer te geniet!

☺'n Laaste woord oor moegheid. Daar is één saak waarvoor ons nooit té moeg mag wees of word nie. Hoor wat sê die Heer....Heer....

***Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. (10) Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges (Gal 6:9-10)***

Om barmhartig te wees en ander in nood te help is die een saak waarvoor ons nooit té moeg mag wees of té moeg mag word nie.

Saam op pad deur die nuwe krag wat die Here daagliks uitdeel!

*Ds Leon van Heerden*



# !! ONTHOU DATUMS !!

- **3 Nov:** Dankofferdiens
- **10 Nov:** Gesinne in Harmonie diens & Doop
- **17 Nov:** Nagmaal
- **24 Nov:** Kerssangdiens

**Sien jou daar!**




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, ver-ouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze by 072 111 3100 of ilzedples@gmail.com



# JOU GELOOF IS KOSBAAR

*Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het.* Matteus 13.31

'n Lewe sonder doel is a bar woestyn
Waar niks kan groei behalwe droefheid en pyn.



*Onthou, jou geloof is kosbaar. Deel dit met ander en onthou dat jou lewe 'n driehoek moet vorm met God aan die bo-kant, en jy en jou medemens as die twee onderste hoeke.*

*'n Nuwe Môre - Helen Steiner Rice*

## KARWAS




**Elke eerste Saterdag van die maand**

**Waar?** Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

**Pryse:** was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

**Tyd:** **9:00-12:00**

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.



## INSTRUMENTE VAN GOD SE LIEFDE

Jesus Christus, my Here, daar is baie dinge wat my ontstel, en bang maak, en hartseer laat voel.

Maar U help my om hierdie dag binne te gaan met 'n onbekommerde hart,

omdat ek die luukse van u liefde ken,

en omdat u my die geloof gee om U te vertrou met my lewe. Vanuit hierdie geborgenheid bid ek vandag met my hele hart vir hulle wat weens hul omstandighede nie die moed of die krag of die hoop het om self te bid nie:

*kankerpasiënte -*

wat net pyn en die dood voor hulle kan sien;

*MIV-positiewe mense -*

wat net toenemende ellende en verwerping verwag;

*verwagtende tieners -*

wat met selfverwyt en ander se oordeel worstel;

*sakemense -*

wie se harde werk nie bankrotskap kan af weer nie;

*welsynwerkers -*

wat nie meer die oormag van nood kan hanteer nie;

*werkloses -*

wat moed opgegee en hul selfrespek verloor het.



*Ag, Here, help almal wat ly en moedeloos is.*

*Maak my u instrument om te help.*

(Aangepas na 'n gebed van TONY CUPIT)



# Taakspan vir Barmhartigheid

## *Ons leuse: omgee is aansteeklik!*



### Wie is die taakspan ?

Die taakspan staan onder voorsitterskap van Allen Prentice. Sy voorbeeld hoe hy dien ten spyte van sy siekte is vir die res van die span 'n groot inspirasie.

Saam met Hom dien 'n passievolle span wat met die deernis van die Heer na aan ander in nood uitreik. Verteenwoordigers van al die verskillende sake waarby ons betrokke is vorm deel van die taakspan.



### Waarby is ons alles betrokke ?

- Alimentasie: lidmate in nood in die gemeente word met kos en materieel gehelp.
- Begrafnisdiensspan: bedien troosbroodjies en tee by begrafnisse. Hierdie span maak 'n groot verskil om bedroefdes met deernis tot diens te wees. Sophie von Brandis en haar span is sterre vir Jesus!
- Siekesorg: met omgeeliefde besoek Analeen siekes. Sy is voorwaar 'n instrument van Sy liefde. Jy kan vir haar help! Ons sal vir jou opleiding gee van twee ure.



- Jesus-Maak-Heel-Groep: het hierdie jaar gefokus op dissipelskap oor tien sessie. Volgende jaar DV gaan ons die opvolg kursus doen met die tema: Genade. Wilhelm is die koördineerder.
- Die Eliagroep: is 'n groep vir ondersteuning van depressielyers. Vroeg in die nuwe jaar gaan ons 'n dinamiese spreker en spesialis op hierdie gebied kry (dr Amanda Streicher) wat oor die onderwerp van depressie en die ondersteuning van depressielyers, met ons kom praat. Dit is reeds tentatief gereël.
- Die werksklas: wat veral dames van die omgewing leer naaldwerk doen maak 'n groot verskil in hulle lewe. Afke benodig dringend hulp of anders sal sy genoodsaak wees om hierdie wonderlike klasse te staak op Donderdagmiddae.

- Motorwagprojek: ‘n aantal motorwagte word geïdentifiseer en ondersteun met kos en ander verrassings.
- Huis Quenessa: met gestremde kinders veral, word onderteun in die plek van Jakaranda Kinderhuis. Die betrokkenheid by Huis Quenessa het nou op nuwe vlak gekom aangesien Huis Quenessa nou in proses is om ‘n NPO te word.

Rietfontein-Suid is die ankergemeente van Brood vir Nood (Moot Care) vir jare al en ondersteun dit ook as Ringsprojek.

Vir baie jare lank reeds vat die barmhartigheid van die gemeente hande met Brood vir Nood (Moot Care Sentrum) om in ons omgewing ‘n betekenisvolle verskil te maak in die lewe van mense in nood.

‘n Groot aantal van ons lidmate lewer weekliks waardevolle diens by die kosprojek, klereprojek, Jakob se Put (ondersteuning van werkloses) asook die huishulpdiens.

Indien u ‘n huishulp of tuinwerker benodig kontak vir Martjie by 0827160791. Martjie hanteer hierdie deel van Jakob se Put vrou-alleen!

Ander help met die Polisie-ondersteuningprojek terwyl nog ander help met die blikkieprojek.

Ons is nou besig met *‘n splinternuwe projek* wat uit die ondersteuning van werkloses voortspruit. Ons gaan Januarie by Rovos ‘n skilsentrum inrig waar houtwerk, metaalwerk en leerwerk gedoen gaan word. Persone gaan opleiding kry, vaardighede aanleer, kans kry om iets te verdien en leer om eie besigheid te begin.

Ter ondersteuning en befondsing van die skilsentrum het ons ‘n *gebruikte kookolieprojek*. Vir elke liter gebruikte kookolie kan ons ‘n paar rand verdien en so die werksaamhede van skilsentrum help befonds. U gebruikte kookolie kan in drom by Moot Care gegooi word. Binnekort gaan ons leë bottels in krat by die kerkdeure beskikbaar stel vir u kookolie.

***Dankie dat u saam met ons hulp en hoop bring in die Moot!***

ds Leon van Heerden



# Die Gemeente wat vir almal omgee!

**KOM SLUIT AAN BY ‘N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Indien jy graag by ‘n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:*

*Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591*

## Kombadja-projek - “Rys vir arm oumense”

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema

*Aan die Here kom die lof toe,*

*want Hy het my smeekstem gehoor*—Psalm 28:6

As ons alles aan God oorlaat, gebeur die regte ding op die regte tyd. Pak vandag aan met God aan jou sy en met jou hand in syne.